

Sing vooraf: Psalm 118:1 (p. 575)

- 1 Loof, loof die HEER met lofgesange! / O Isr'el, wees in God verblyd.
Sy goedheid volg Hom in sy gange, / sy goedheid duur in ewigheid.
Loof, Arons huis, met jubelsange! / Gods goedheid ken geen grens of tyd,
geen hede, toekoms of vergange, / sy goedheid duur in ewigheid!

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige
werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 146:1, 2 (p. 700)

- 1 Prys die HEER met blye galme, / o my siel, daar 's ryke stof!
'k Sal, solank ek leef, my psalme / vrolik toewy aan sy lof
en Hom, wat sy guns my bied, / altyd groot maak in my lied.
- 2 Moet op prinse nie vertrou nie, / by wie niemand heil kan vind –
op die mens jou hoop nie bou nie; / want as God hul gees ontbind,
keer hul na die aarde weer / en hul raadslag stort terneer.

Geloofsbelydenis:Apostolicum

Na die wet bely ons voor God ons sondeskuld en bid vir vergewing van ons sondes met Psalm 25:5 (p. 116)

Wet

Psalm 25:5 (p. 116)

- 5 Ja, Gods weg is goedheid, klaarheid, / en sy weg altyd getrou
vir wie wandel in sy waarheid / en op sy beloftes bou.
Wil my dan, u Naam ter eer, / al my sondeskuld vergewe;
want ek het teen U, o HEER, / swaar en menigmaal misdrewe!

Gebed

- **Doksologie:**
- **Aanbidding:**
- **Skuldbelydenis:**
- **Vergifnis:**
- **Dank:**
- **Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God**
- **Algemene bede:**
- **Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:**

Amen.

Psalm 138:1 (p. 670)

- 1 'k Sal met my ganse hart, o HEER, / U loof en eer, u hoogheid huldig,
en voor die gode^{en} in psalmgeklank, / U bring die dank, aan U verskuldig.
Ek sal my neerbuig op u eis, / na u paleis, die oog na bowe.
En om u guns en waarheid saam, / u heil'ge Naam eerbiedig lowe.

Skriflesing: Markus 13

Teks: Markus 13:13

En julle sal deur almal gehaat word ter wille van My Naam. Maar wie volhard tot die einde toe, hy sal gered word. (Markus 13:13 AFR1953)

Ons praat baie keer van die wederkoms asof ons toeskouers is wat net gaan sien hoe dit gebeur, en hoe ander mense gaan ly, maar dit gaan ons nie raak nie.

Hierdie gedeelte preek dat ons almal by al die smarte en lyding betrokke kan wees.

Hierdie was een van Jesus se laaste preke voor sy kruisiging. Hierdie preek het gegaan oor twee tydperke.

- Eerste het Jesus gepreek dat die tempel wat in Jerusalem staan, heeltemal verwoes gaan word.
- Tweedens het Hy gepreek oor die smarte wat die kerkmense gaan belewe wanneer die einde kom.

Die Here Jesus het hierdie preek gepreek net nadat Hy en die dissipels by die deur van die tempel uitgestap het.

Kom ons kyk eerste na die tempel in Jerusalem, en na die betekenis wat dit vir Jode gehad het.

- Hierdie tempel was die trots van die Jode.
- Dit was een van die mooiste geboue wat daar ooit in die geskiedenis van die aarde opgerig was.

Hierdie tempel was vir die Jode die lewensaar van hulle godsdienste.

- Dit was die plek waar hulle saamgekom het.
- Dit was ook die simbool van hulle nasionale trots.
- Dit was ook waarom die dissipels Jesus hieroor uitgevra het.

Josefus – 'n geskiedskrywer uit daardie tyd – vertel hoe hierdie tempel gelyk het.

- Die tempel was gebou met marmerstene wat ongeveer 15 meter x 5 meter x 3 meter groot was.
- Die marmerstene was dus elkeen omtrent twee keer so groot soos ons gemiddelde vertrekke vandag is.
- Die hoofdeel van hierdie tempel was aan die binnekant met goudplate oorgetrek.

Herodes – 'n nasaat van Esau en 'n volksvyand van die Jode – het hierdie tempel laat bou om die guns van die Jode te wen.

- Dit het 82 jaar geneem om te voltooi.
- Hulle het die jaar 19 v.C. al begin om dit te bou en het dit eers in die jaar 63 n.C. voltooi.
- Dit was dus nog in aanbou toe Jesus en sy dissipels daarna gekyk het.

Kyk weer na die fout wat die Jode gemaak het met hulle siening van hulle tempel.

- Hulle rig hulle oë op die aarde, en die dinge wat hier van belang is, asof dit die een en die al is.
- Dink ook maar oor die Messias wat hulle verwag het: hulle het een verwag wat die Romeine gaan wegjaag uit hulle land, en wat hulle in 'n glorieryke tyd gaan inlei.

Hulle wou niks weet van hulle sondes en dat hulle daarvan verlos moet word, en dat die Here se koninkryk anders lyk as wat hulle gedink het nie.

- Daarom is die skok so groot, as hulle hoor wat Jesus se antwoord is oor die hele aangeleentheid.
- Jesus het hulle geantwoord dat daar van daardie tempel nie twee klippe opmekaar gestapel sal oorbly nie.
- Dus: alle aardse trots en verwagtinge sal uiteindelik verwoes word, en verbygaan.

Die Here se profesie oor Jerusalem het woord vir woord in vervulling gegaan.

- Die jaar 70 n.C. is Jerusalem tot op die grond toe verwoes.
- Titus, 'n Romeinse keiser, het die tempel geroof, en tot op die grond toe gesloop.
- Jerusalem is met die grond gelyk gemaak.

Maar ons moet nie dink dat die Romeine alleen vir die ondergang van Jerusalem verantwoordelik was nie.

- Die tempel van Jerusalem het eintlik van binne af geval.
- Die volk Israel het God verlaat.
- Wanneer mense ongelowig word, straf die Here hulle.
- Daarom het hulle stad, tempel en al – hulle trots – soos 'n kaarthuis inmeekaargeval.

Die fout was dat die mense vergeet het dat hulle saam met die Here moet leef.

- In vers 4 vra die dissipels vir Jesus wanneer al hierdie verskriklike dinge gaan gebeur.

Luister hoe stel Jesus hulle ongeloof aan die kaak:

Pasop dat niemand julle mislei nie!

Dit was vir die Here baie duidelik dat die een wat die vraag gevra het,

- nie gedink het dat hy by die eindoordeel betrokke is nie,
- en dat sy geloof ook nie by die aardse dinge verbygegaan het nie.

Daarom kom die antwoord van die Here daarop neer dat jy nie na die buitekant van jou kerk moet kyk nie, maar dat jy na die binnekant van jou geloof moet kyk.

Nou kyk ons na die betekenis wat dié woorde van die Here vir ons het – ons wat aan die einde van die tyd lewe.

Broeders en susters, hoe ver kyk ons in die geloof vorentoe? Wat sien u? Hoe lyk ons geloof en ons gemeente oor tien jaar, of twintig jaar?

- Dit sal nie met ons beter gaan as met die eerste gelowiges nie.
- Hierdie Bybeldeel gaan moontlik oor ons en oor ons kinders waar word.
- Daarom moet ons aan ons geloof aandag gee, sodat ons kan bly staan as die moeilikheid die dag kom.

Kyk maar hoe het die geskiedenis geloop.

- Die dissipels is doodgemaak omdat hulle geglo het.
- Nog altyd was en is daar iewers Christene wat gemartel is omdat hulle glo.
- Dink maar hoeveel mense lag vir jou omdat jy glo en kerk toe gaan!
- Daarom skryf die Here hoe verskriklik die laaste dae gaan wees – in daardie tye gaan hierdie haat oor ons – omdat ons glo – eers in vervulling gaan.

Nou die belangrikste vraag: Is jou geloof sterk genoeg dat jy gemartel en doodgemaak kan word sonder dat jy die Here en sy verlossing ontken en as 'n ongelowige sterf?

Onthou dat Jerusalem eintlik van binne af geval het.

- Die Romeine wat die plek met die grond gelykgemaak het, was maar die uiterlike dinge wat gesien kon word.
- Die werklike saak was die ongeloof van die Jode.
- Die tempel self was vir hulle baie belangriker as die God van die tempel!

Wat gaan ons doen as die dag kom dat ons moet kies tussen ons lewe en ons geloof?

Die tyd van die laaste val van die tempel op die aarde is nie meer ver nie.

- Daarom moet ons gewaarsku word deur hierdie woorde van die Here.

- Ons moet elke oomblik gebruik om ons geloof te oefen.
- Ons moet alles tot ons beskikking aanwend om lewende gemeenskap met God te beoefen,
 - sodat ons kennis van en vertrouwe op die Here kan groei,
 - sodat ons in krisistye nie hoef te twyfel of God bestaan, en Hom dan dalk selfs onder dreiging ontken of verwerp nie.

Onthou ook dat dieselfde Here Jesus wat ons waarsku dat die ongelowiges aan die einde van die tyd die gelowiges gaan haat, aan die kruis gaan sterf het vir die gelowiges wat onder die haat gaan deurloop.

- Maar ons moet dit nie so verstaan dat die Here Jesus se dood ons gaan vrywaar van alle vervolging nie.
- Hy sorg net dat ons die krag sal hê om deur die aanslag te gaan sonder om ons geloof te verloor.
- Die Heilige Gees sal ook in sulke oomblikke ons eie gees versterk, om selfs in doodsgevaar nog al die tyd die waarheid van God se bestaan te besef en te bely.

Daarom sê die Here ook hier dat die wat volhard tot die einde toe, gered sal word. U sal kan volhard in die krag van die Here Jesus se oorwinning en die leiding van die Heilige Gees.

Die preek van die Here Jesus preek dus oordeel en genade.

- Die oordeel kom in hierdie geval egter nie van Hom af nie – die wêreld gaan die oordeel oor die gelowiges voltrek, omdat die wêreld God haat, en die gelowiges God liefhet.
- Die genade kom van die Here Jesus af.
 - Ons sal staande bly as ons volhard in Jesus Christus se krag.
 - Dit beteken dat ons elke dag moet waak en bid,
 - dat ons nie onkant betrap word deur die wêreld nie,
 - maar dat ons ook nie die kerk van die Here van binne af uithol en laat val met ons eie swak volharding en halfhartige geloof nie.

Die kerk gaan vervolgd word.

Die gelowiges gaan ly.

Die duiwel gaan alles probeer om die kerk en elke gelowige tot niet te maak.

Maar ons moet elke dag waak en bid dat hierdie dinge ons nie onverwags inloop nie.

En ons moet ons daarop voorberei, want hierdie dinge is nie vir 'n vae en onomlynde kerk bestem nie – dis vir ons bestem.

Amen.

Slotgebed

Skrifberyming 14-2 (nuut)

Al sou dan ook die vyeboom nie bot nie, / Al sou die wingerd sonder druiwe staan;
 Die graan verdor, die vrugteboorde wegwyn, / Die beeste, kleinvee, alles hier vergaan –
 Nóg sal ek juig en bly wees in my God! / Hy is my hulp, Hy gee my krag.
 Hy laat my loop waar rats die ribbok gaan; / Hy laat my vas en veilig staan!

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Datum : 14 September 2008

Preekopsomming

Ons sal staande bly as ons onder druk en vervolging volhard in die Here Jesus Christus se krag. Dit beteken dat ons elke dag moet waak en bid, dat ons nie onkant betrap word deur die wêreld nie, maar dat ons ook nie die kerk van die Here van binne af uithol en laat val met ons eie swak volharding en halfhartige geloof nie.